Dinsdag **4 Junie**

**Skrifgedeelte: Numeri 11:16-30 (AFR33/53)**

**Fokusgedeelte: Numeri 11:17, 25, 29**

**Die Heilige Gees troos in krisis en bring ons voor die Here**

Ons word baie gou moedeloos wanneer ons druk van buite ervaar. Dit kan druk by my werk of skool wees, finansiële druk, ensovoorts.

Selfs Moses, die man van God, het moedeloos geword. In Numeri 11 is Moses moedeloos oor twee dinge:

- Die druk en las wat die volk op hom sit (Num. 11:11)
- Hulle onversadigbare lus vir vleis (Num. 11:4)

Die Here gee die uitkoms en oplossig vir altwee hierdie dinge wat Moses moedeloos maak:

- Vir die las van die volk, gee die Here leiers op wie Hy sy Gees sal laat rus, om Moses te help (Num. 11:16, 17)
- Vir die lus vir vleis, sal die Here soveel vleis gee dat die Israeliete daarvan sal walg. (Num. 11:18-20)

Die uitkoms vir vleis is buitekant die tent van ontmoeting. Die tent van ontmoeting was waar die Here in die besonder onder sy volk teenwoordig was. Die kwartels val nie in hierdie gebied nie. By die tent van ontmoeting, voor die aangesig van die Here, maak sy Heilige Gees die leiers vaardig. En die werking van die Heilige Gees kring selfs verder uit as net die tent van ontmoeting (Num. 11:25, 26).

Moses se uitroep en versugting na hierdie wonderlike gebeurtenis is dat die Gees op elkeen sal wees (Num. 11:29). Die uitkoms vir vleis kom nie eers in sy gedagtes op nie, want ons weet dat die Here alles gee vir sy bemindes in hulle slaap (Ps. 127).

Moses se versugting bly dat elkeen voor die HERE gestel sal word en voor Hom sal leef. Daarvoor bid ons getroue Hoëpriester nou. Die Heilige Gees herinner ons hier aan alles wat Christus gesê het. Hy herinner ons aan sy kosbare offer wat versoening gebring het. Hy bring ons voor die Here!

Ons moenie dat die alledaagse dinge ons moedeloos maak en laat bekommer nie. Ons word deur die Heilige Gees vertroos en voor die aangesig van God gestel, elke oomblik.

*Sing: Psalm 146-1:6*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*